higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N550**(A)**(J6)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N4

(4010164)

6 Junie 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 8 bladsye antwoordblad.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
FINANSIËLE REKENINGKUNDE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

'n Onvoltooide lonejoernaal, wat deur Makamu Enterprise se onervare finansiële bestuurder ingevul is, word hier onder voorsien.

Werknemers se name			KHATHU	SEDZANI	TOTAAL
Lone	Normaal	Tarief	130	140	135
		Ure	80	80	
		Totaal	?	?	?
	Oortyd	Tarief	?	?	?
		Ure	20	18	
		Totaal	?	?	?
Bruto lone			?	?	?
Aftrekkings	Medies		900	1 120	
	Pensioen		?	?	?
	WVF		?	?	?
	Inkomstebelasting		?	?	?
Totale aftrekkings					
Netto lone					
Maatskappybydrae	Medies		900	1 120	
	Pensioen		?	?	?
	WVF		?	?	?

BYKOMENDE INLIGTING

Die oortydtarief word teen tyd en 'n half van die normale tarief per werknemer bereken.

Sowel die werknemers as die werkgewer dra 7,5% van die werknemers se loon vir normale werksure by tot pensioen.

Inkomstebelasting word teen 18% van die bruto loon ná die aftrekking van die pensioenbydrae bereken.

Daar word 1% van die werknemers se normale loon vir normale werkure vir die WVF afgetrek. Die werkgewer dra dieselfde persentasie volgens die werknemers se normale loon by.

GEVRA:

Vul die ontbrekende syfers, aan die hand van die inligting hier bo, in Makamu Enterprise se lonejoernaal vir April 2018 in op die antwoordblad wat voorsien is. **[22]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Die inligting wat hier onder verskaf word, is uit Jamila Boutique Store se boeke onttrek.

GEVRA:

2.1 Voltooi die Kontantonvangstejoernaal op 30 September 2018. (12)

2.2 Voltooi die Kontantbetalingsjoernaal soos op 30 September 2018. (9)

2.3 Stel die Bankrekonsiliasiestaat op soos op 30 September 2018. (9)

INLIGTING

Jamila Boutique Store bank by Pay a Pal Bank.

JAMILA BOUTIQUE STORE SE BANKREKONSILIASIESTAAT OP 31 AUGUSTUS 2018

Krediteer saldo soos volgens bankstaat		1 166 250
Kredietdeposito nog nie deur die bank gekrediteer nie		18 705
Debiteer uitstaande tjeks:		
Nr. 05	379 383	
Nr. 06	11 100	
Nr. 07	185 985	
Nr. 08	499 350	
Nr. 13	1 050	
Saldo soos volgens kasboek	108 087	
	1 184 955	1 184 955

BYKOMENDE INLIGTING

1. In 'n vergelyking van die Augustus 2018-bankrekonsiliasiestaat met die bankstaat wat op 30 September 2018 ontvang is, is die volgende inligting geopenbaar:

   1.1 Tjek nr. 05, wat op 15 Augustus 2018 as gedeeltelike betaling van die rekening aan Nkuna Suppliers uitgereik is, het weggeraak en dit moet dus gekanselleer word. 'n Nuwe tjek word in Oktober 2018 uitgereik om die rekening te vereffen.

   1.2 Die volgende tjeks was steeds op 31 Augustus 2018 uitstaande:
   Nr. 07
   Nr. 08
   Nr. 13

2. In 'n vergelyking van die kasboek met die bankstaat wat op 30 September 2018 ontvang is, word die volgende verskille geopenbaar:

2.1 Op die bankstaat word 'n ongunstige saldo van R985 313 op 30 September 2018 getoon.

2.2 Daar is 'n kredietinskrywing ter waarde van R19 500 op 21 September 2018 ten opsigte van 'n deposito wat Jamila Boutique Store in sy rekening gemaak het, maar dit kom op die onderneming se bankstaat voor.

2.3 Tjek nr. 20 vir R19 050 verskyn in die kasboek, maar slegs onder betalings.

2.4 Daar is 'n debietorder ten gunste van Santum Insurers vir die versekering van die afleweringsvragmotor wat aan Jamila Boutique Store behoort, R13 200.

2.5 Jamila Boutique Store ontvang 'n direkte huurdeposito in die onderneming se lopende rekening van 'n huurder, K Nema, R14 500.

2.6 'n Vaste deposito by Pay a Pal Bank wat 24 maande terug gemaak is, het verval. 'n Elektroniesefondsoorplasing is in Jamila Boutique Store se lopende rekening gemaak, R404 850.

2.7 Tjek nr. 24 word verkeerdelik aan die kredietkant van die kasboek as R44 550 in plaas van R41 850 ingeskryf, soos dit op die bankstaat getoon word. Hierdie tjek is vir 'n September 2018-kontrak aan Virgin Mobile uitgereik.

2.8 Tjek nr. 18 is verkeerdelik twee keer op die bankstaat gedebiteer, R6 648.

2.9 'n Tjek van R6 375 wat M Zwoitwa gebruik het om sy rekening te betaal, is deur die bank teruggestuur en V/T – onvoldoende fondse gemerk.

2.10 Die volgende items word op die bankstaat getoon:

Rente op ongunstige saldo	R8 970
Rente op gunstige saldo	R1 935
Kontanthanteringsgelde	R618
Diensgelde	R2 985
Kontantdepositogelde	R2 025

2.11 Die onderneming se lopende rekening is nog nie met 'n uitstaande deposito van R613 157, wat op 30 September 2018 gemaak is, gekrediteer nie.

2.12 Die volgende vooruigedateerde tjeks is tydens September 2018 uitgereik:

Tjek nr. 41	R2 700
Tjek nr. 42	R450

[30]

VRAAG 3

Ditike Traders voorsien die inligting hier onder aan jou vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018.

GEVRA:

3.1 Stel die Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op. (34)

3.2 Voeg die volgende aantekeninge by die balansstaat by:

3.2.1 Eiendom, toerusting en voertuig

3.2.2 Handels- en ander ontvangbare rekeninge

3.2.3 Handels- en ander betaalbare rekeninge

3.2.4 Kapitaal

(33)

LET WEL: Rond die antwoorde af na bo tot die naaste rand.

INLIGTING

VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS VAN DITIKE TRADERS OP 28 FEBRUARIE 2018

BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING	FOL	DT	KT
Kapitaal	B1		531 250
Onttrekkings	B2	15 000	
Grond en geboue	B3	428 125	
Toerusting	B4	147 750	
Voertuie	B5	156 250	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	B6		21 250
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	B7		53 125
Vaste deposito: Tek Bank (14% p.j.)	B8	18 750	
Handelsvoorraad (1 Maart 2017)	B9	27 194	
Debiteurekontrole	B10	22 625	
Bank	B11		22 500
Los kontant	B12	219	
Kleinkas	B13	31	
Krediteurekontrole	B14		64 938
Voorsiening vir slegte skuld	B15		2 431
Lening: Direct Axis Bank (20% p.j.)	B16		25 000
NOMINALEREKENINGE-AFDELING			
Verkope	N1		506 563
Aankope	N2	256 563	
Debiteurekortings	N3	14 450	
Rente op lening	N4	1 875	
Rente op vaste deposito	N5		438
Slegte skuld	N6	1 250	
Bankkoste	N7	75	
Telefoon	N9	1 362	
Slegte skuld verhaal	N10		244
Vervoerkoste vir aankope	N11	6 594	
Korting toegestaan	N12	3 125	
Huurinkomste	N13		32 500
Salarisse	N14	141 563	
Skryfbehoeftes	N15	1 188	
Invoertariewe	N16	16 250	
		1 260 239	1 260 239

BYKOMENDE INLIGTING

1. Volgens 'n fisiese voorraadopname was die volgende items steeds voorhande op 28 Februarie 2018:

Handelsvoorraad	R37 500
Skryfbehoeftes	R375

2. Skryf N Tshiwela se rekening as oninbaar af, R250.

3. Suiwer die voorsiening vir slegte skuld tot 5% van die handelsdebiteure aan.

4. Die voorsiening vir korting toegestaan moet ook uit 10% van die handelsdebiteure geskep word.

5. Daar is tot en met 31 Desember 2018 huurgeld ontvang. 'n Verhoging van 3% word op 28 Februarie 2018 geïmplementeer.

6. Maak voorsiening vir waardevermindering op voertuie teen 10% per jaar volgens die afnemendesaldometode en op toerusting teen 20% per jaar op die kosprys. Neem in berekening dat twee lessenaarrekenaars, met 'n bruto drawaarde van R7 813, vir gebruik in die kantoor op 1 Desember 2017 aangekoop is.

7. Die rente op die vaste deposito was slegs vir twee maande. Bereken die uitstaande rente.

8. Maak voorsiening vir die uitstaande rente op die lening. 'n Betaling van R3 125 word ten opsigte van die terugbetaling van die lening op 30 November 2017 gemaak.

9. Die telefoonrekening is slegs tien maande lank betaal.

10. V Soledad, wie se rekening voorheen afgeskryf is, vereffen haar rekening, R187.

[67]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

GEVRA:

4.1 As Dombo Traders se rekenmeester word jy versoek om die onderneming se kontantposisie te bespreek deur die kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op te stel.

4.2 Toon die volgende aantekeninge/berekeninge:

4.2.1 Kontant van klante/kliënte ontvang

4.2.2 Kontant aan verskaffers en werknemers betaal

DOMBO TRADERS SE BALANSSTAAT SOOS OP 28 FEBRUARIE 2016

	AANTEKENINGE	**2018**	**2017**
BATES			
Niebedryfsbates			
Eiendom, toerusting en voertuie	1	183 688	181 875
Ander finansiële bates	2	37 500	25 000
Bedryfsbates			
Voorraad	3	25 000	11 375
Handels- en ander debiteure	4	2 937	10 563
Kontant en kontantekwivalente	5	13 250	6812
TOTALE BATES		262 375	235 625
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal	6	188 687	156 250
Niebedryfslaste			
Verband: First Bank		62 500	75 000
Bedryfslaste			
Handels- en ander krediteure	8	11 188	4 375
TOTALE EKWITEIT EN LASTE		262 375	235 625

AANTEKENINGE BY DIE BALANSSTAAT

AANTEKENING 1: EIENDOM, TOERUSTING EN VOERTUIE

	2017		
	Bruto drabedrag	**Opgehoopte waardevermindering**	**Netto drabedrag**
Grond en geboue	50 000		50 000
Toerusting	56 250	15 313	40 937
Voertuie	106 250	15 313	90 937
	212 500	30 626	181 874

	2018		
	Bruto drabedrag	**Opgehoopte waardevermindering**	**Netto drabedrag**
Grond en geboue	50 000		50 000
Toerusting	64 375	19 000	45 375
Voertuie	118 750	30 438	88 312
	233 125	49 438	183 687

AANTEKENING 6: KAPITAAL	**2017**	**2018**
Saldo aan die begin van die jaar	121 750	165 250
Plus: Netto wins	65 750	76 188
Min: Onttrekkings	31 250	43 750
Saldo aan die einde van die jaar	156 250	188 688

BYKOMENDE INLIGTING

1. Die volgende inligting is uit Dombo Traders se Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 onttrek:

Omset	R437 500
Rente op lopende rekenin	563
Rente op lening	11 250
Rente op vaste deposito	7 500
Waardevermindering	30 375
Verlies op verkoop van voertuig	1 250
Wins op verkoop van toerusting	2 187

2. 'n Rekenaar met 'n boekwaarde van R2 188 word in die loop van die finansiële jaar vir kontant verkoop. Die waardevermindering op die rekenaar was R5 312 ten tyde van die verkoop.

3. 'n Voertuig met 'n kosprys van R18 750 word gedurende die jaar verkoop. Die boekwaarde van die voertuig was R12 500 ten tyde van die verkoop.

[30]

VRAAG 5

Sendedza Traders spesialiseer in die verkoop van voedsel en klere. Die onderneming verkoop organiese voedsel.

- Die prys van AL die produkte word teen 30% op die kosprys verhoog.
- Sendedza Traders se voorraadopname word volgens die periodiekevoorraadstelsel gedoen.

	VOEDSEL-AFDELING	**KLERE-AFDELING**
	R	**R**
Verkope	577 500	415 500
Aankope	390 000	196 875
Vervoerkoste vir verkope	12 450	18 975
Vervoerkoste vir aankope	18 750	12 000
Opbrengste op verkope	9 600	-
Slegte skuld	200	300
Toerusting	3 000	2 000
Skryfbehoeftes	300	
Handelsvoorraad: 1 Maart 2017	146 475	151 875
Handelsvoorraad: 28 Februarie 2018	256 500	193 912

BYKOMENDE INLIGTING EN AANSUIWERINGS

1. Klere wat ter waarde van R5 000 aangekoop is en steeds in transito was, arriveer op 20 Februarie 2018. Hierdie goedere is nog nie geboekstaaf nie.

2. Skryfbehoeftes wat tot en met 31 Maart 2018 verbruik is, beloop R400.

3. Die eienaar neem twee rokke vir sy dogter om na 'n vriendin se troue te dra, R500.

4. Skenkings wat van die volgende afdelings aan Takalani Children's Home gemaak word, is soos volg:

Klere	R5 000
Voedsel	3 000

5. Vervoerkoste vir aankope van voedsel wat op 20 Februarie 2018 afgelewer is, is steeds met R800 uitstaande.

6. Vervoerkoste vir aankope van voedsel wat vir R300 aan klante verkoop is, is opbetaal.

7. Voedselitems ter waarde van R3 000 word aan die verskaffer teruggestuur omdat die items reeds verval het.

Kopiereg voorbehou

GEVRA:

Doen die volgende aan die hand van die inligting oor Sendedza Traders hier bo vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018:

5.1 Stel die Afdelingsaankooprekening op en sluit dit af. (11)

5.2 Stel die Afdelingshandelstaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018 op. (14)
[25]

VRAAG 6

Die inligting hier onder is uit Vhembe Netball Club se boeke op 31 Maart 2018 onttrek.

GEVRA:

Stel die volgende rekeninge in die algemene grootboek op:

LET WEL: Sluit slegs die ledegeld- en die handelsrekening af.

6.1 Handelsrekening

6.2 Ledegeldrekening

6.3 Staat van Inkomste en Uitgawes

A. Die volgende saldo's en totale is op 1 Januarie 2017 onttrek:

	R
Bank (Dt saldo)	28 440
Voorraad voorhande	3 720
Lening: VBS Bank (20% p.j.)	45 000
Agterstallige ledegelde	1 800
Opgelope uitgawes (skryfbehoeftes)	1 200
Spaarrekening (15%)	12 000
Inkomste vooruit ontvang (ledegelde)	9 000
Voertuig teen kosprys	73 350

Kopiereg voorbehou

B. Die volgende is uit die ontvangste- en betalingsrekords vir die jaar geëindig 31 Desember 2018 onttrek:

BETALINGS		ONTVANGSTE	
R		R	
Snoepieverkope	74 220	Huuruitgawe	8 000
Skenking van lede	6 000	Ledegelde terugbetaal	1 350
Ledegelde:		Rente op lening	7 500
2017	1 350	Verversings	10 800
2018	45 000	Water en elektrisiteit	3 000
2019	9 00	Diverse uitgawes	1 100
Rente op spaarrekening	1000	Aankope	34 680

BYKOMENDE INLIGTING EN AANSUIWERINGS

- Ledegelde bedra R450 per lid.
- Vier lede moet nog hul ledegeld vir 2018 betaal.
- Ledegelde wat steeds vir 2017 uitstaande is, moet afgeskryf word.
- Die klub besluit dat die helfte van die skenkings gekapitaliseer moet word.
- Daar moet voorsiening gemaak word vir die uitstaande rente op die lening.
- Die rente ontvang op die vaste deposito is vir tien maande. Maak voorsiening vir die uitstaande rente.
- Die voorraad voorhande vir die snoepie is R7 680 vir 2018.

[26]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

FINANSIËLE REKENINGKUNDE N4
(4010164)

6 JUNIE 2019

ANTWOORDBOEK

EKSAMENNOMMER:

SENTRUMNOMMER:

VRAAG 1	
VRAAG 2	
VRAAG 3	
VRAAG 4	
VRAAG 5	
VRAAG 6	
TOTAAL	
PERSENTASIE %	

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | |

VRAAG 1

Werknemers se name			KHATHU	SEDZANI	TOTAAL
Lone	Normaal	Tarief	R130	R140	–
		Ure	80	80	160
		Totaal			
	Oortyd	Tarief			
		Ure	20	18	
		Totaal			
Bruto lone					
Aftrekkings	Medies		900	1 120	
	Pensioen				
	WVF				
	Inkomstebelasting				
Totale aftrekkings					
Netto lone					
Maatskappybydrae	Medies		900	1 120	
	Pensioen				
	WVF				

[22]

VRAAG 2

2.1 **KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL VAN JAMILA BOUTIQUE STORE OP 30 SEPTEMBER 2018**

Dok nr	Dag	Besonder-hede	Fol	Bank	Krediteure-kontrole	Diverse bedrag	Diverse besonderhede
	01	TOTALE	o/b				

(12)

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | |

2.2 KONTANTBETALINGSJOERNAAL VAN JAMILA BOUTIQUE STORE OP 30 SEPTEMBER 2018

Dok nr	Dag	Begunstig-de/nemer	Fol	Bank	Debiteure-kontrole	Diverse bedrag	Diverse besonderhede
	30	Totaal	o/b				

(9)

2.3 BANKREKONSILIASIESTAAT VAN JAMILA BOUTIQUE STORE SOOS OP 30 SEPTEMBER 2018

	DT	KT

(9)
[30]

EKSAMENNOMMER:

SENTRUMNOMMER:

VRAAG 3

3.1 **INKOMSTESTAAT VAN DITIKE TRADERS VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2018**

(34)

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | |

3.2 3.2.1

EIENDOM, TOERUSTING EN VOERTUIG			
	BRUTO DRABEDRAG	OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING	DRAWAARDE
Grond en geboue			
Toerusting			
Voertuig			

REKONSILIASIE VAN DRABEDRAG			
	GROND EN GEBOUE	TOERUS-TING	VOERTUIG

3.2.2

HANDELS- EN ANDER ONTVANGBARE REKENINGE			

3.2.3

HANDELS- EN ANDER BETAALBARE REKENINGE			

3.2.4

KAPITAAL		

(33)
[67]

Kopiereg voorbehou

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | |

VRAAG 4

4.1 **KONTANTVLOEISTAAT**

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		

(18)

4.2

AANTEKENING 1		
4.2.1 KONTANT VAN KLIËNTE ONTVANG		
4.2.2 KONTANT AAN VERSKAFFERS EN WERKNEMERS BETAAL		

(12)
[30]

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | |

VRAAG 5

5.1 **AFDELINGSAANKOOPREKENING**

Beson-derhede	Voedsel	Klere	Totaal	Beson-derhede	Voedsel	Klere	Totaal

5.2 **AFDELINGSHANDELSTAAT**

	Totaal	Voedsel	Klere

(14)
[25]

EKSAMENNOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

SENTRUMNOMMER: | | | | | | | | | | | |

VRAAG 6

6.1 Dt **HANDELSREKENING** Kt

Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Bedrag	Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Bedrag

6.2 Dt **LEDEGELDE** Kt

Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Bedrag	Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Bedrag

6.3 **INKOMSTE EN UITGAWES**

Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Bedrag	Dok	Dag	Besonderhede	Fol	Bedrag

[26]

TOTAL: 200

Kopiereg voorbehou